



# Penniefluitjie

**Hallo Maats,**

**Junior Kategese  
NG Rietfontein-Suid**

**2013, Volume 1**

**Junie 2013**



Soos die meeste van julle weet, het tannie Malinda aan die einde van die eerste kwartaal afgetree om meer tyd saam met haar kleinkinders te spandeer.

Na baie jare wat sy elke Sondag die Kinderkerkdiens gehou het en die mooiste stories vertel het, mis ons haar regtig sommer baie. Sy het darem gesê sy sal af en toe vir ons kom kuier!

## **Benodighede vir die opgradering van ons klasse**

Ons wil graag die indeling van spasio by die kerk vir al ons klasse doen en dit mooimaak, sodat dit soos Sondagskool begin lyk en voel.

Ons het 'n paar dinge nodig waarvoor ons geld nie genoeg gaan wees nie en sal enige borge waardeer om ons te help met die volgende:

- ◇ Matte
- ◇ Toesluitkiste wat tegelykertyd as bankies kan dien
- ◇ Aanplakborde

Alle bietjies help en ons het ons ouers se hande ook nodig om te help, asseblief!

Ons het die pragtigste gordyne al opgesit - nou 'n bietjie vir Mamma en Pappa om te gaan kyk. Dis alles in die boonste klasse en maak dit sommer ekstra mooi.

Het julle die poppekasstories van Vlam en Blommie geniet sover? Ek is seker hulle sal weer kom kuier, maar net sodat julle hulle sal herken het ek 'n foto van hulle hier bygesit:



Vlam se hare is so rooi want hy BRAND sommer van liefde vir Jesus en Blommie is die mooiste blommetjie in die land wat graag stories vertel.

As julle verveeld is die vakansie, vra vir Pappa of Mamma om vir jou hierdie Penniefluitjie en sommer al die voriges van ons webblad af te trek en uit te druk - dit is mos propvol oulike speletjies!

Mag julle 'n wonderlike vakansie hê en ek hoop julle dink solank 'n paar vasvra-vrae vir Vlam en Blommie uit in die vakansie.

**Liefde in Jesus,**

**Tannie Lita**

## Daniël - Wat weet jy van hom?

Daniël het drome gehad wat gegaan het oor dinge wat met sy mense sou gebeur. In een van die drome word daar vier verskillende diere genoem.

Skommel die letters, dan sal jy die antwoorde kry:

- ♦ E L E U
- ♦ N D A R E
- ♦ E R B E
- ♦ U D L I R E P

Daniël het 'n baie belangrike man geword terwyl hy eintlik 'n gevangene was. Hy het vir vier konings gewerk terwyl hy, sy vriende en die Israëliete gevangenes in Babelonië was.

Kyk of jy die vier konings se name vir wie Daniël gewerk het in die Bybel kan kry.

A	G	J	E	F	Y	J	C	S	O	F	K
H	S	R	J	V	S	H	I	K	W	S	O
N	E	B	U	K	A	D	N	E	S	A	R
R	G	E	A	H	U	K	B	X	A	E	E
N	Y	L	K	W	A	Z	Y	W	Q	Q	S
B	P	S	Q	O	A	G	Z	M	T	P	G
E	T	A	M	P	S	H	X	Q	Y	A	H
Y	K	S	X	D	D	J	V	W	U	S	J
S	D	A	Z	H	F	K	B	E	I	D	R
D	A	R	I	U	S	L	N	R	O	F	C

## Sergiy Denysenko & die Geldbome vir Sending Sonder Grense

### *Sergiy het ons hulp nodig*

Kan julle onthou waar Sergiy bly? Dit is mos in die Oekraïne waar dit so vreeslik koud is in die winter (tot -45 gradel!).



Ds Leon Tait en tannie Monique en nog 'n paar van ons kerk se mense het in Desember vir Sergiy gaan besoek en geskenke van ons af saamgeneem.

Ongelukkig was hy op 'n kamp toe hulle daar aankom, so sy huismoeder het die pakkie vir hom gehou tot hy terugkom.

Hier is 'n paar foto's dat julle kan sien hoe koud dit regtig daar is en sommer van Sergiy se kamer ook - hy deel met 'n hele paar maatjies.



Ons samel elke jaar geld in met ons geldbome, sodat ons vir Sergiy kan help om warm klere ten kos te hê. Hierdie jaar kort ons nog 'n hele klomp geld, so die van julle wat nog nie julle geldbome gebring het nie, mag dit nog altyd doen.

Kyk bietjie of dit nie dalk nog in jou kamer lê nie en bring dit volgende keer saam, hoor!

# Vlam, Blommie en Petrus Padda

## 'n Storie uit ou ou Egipte

Die stories wat Vlam en Blommie en Petrus Padda vertel het by die Poppekas is darem pragtig!

Kan julle onthou wat Petrus Padda van sy oer-, oer-, oer-grootjie oupa vertel het?

Kyk hier is 'n foto van Petrus Padda en Blommie - ek wonder of julle kan onthou waarom hulle gepraat het?



## Tien Plae - Ken jy hulle almal?

Hier is 'n lysie van die tien plae, maar hulle is in die verkeerde volgorde!

Kan jy hulle in die regte volgorde rangskik in die oranje blokkie hieronder?

3. Water wat in bloed verander het
1. Paddas
5. Muggies
10. Steekvlieë
2. Pes onder die vee/diere
4. Swere
3. Hael
6. Sprinkane
8. Duisternis / Donkerte
7. Dood van die eersgeborenes

## Tien Plae - Woordraaisel

Nou kan jy die volgende woorde in die woordraaisel soek - sien, dit het alles ook met die 10 plae te doen!

**Bloed, Pes, Steekvlieë,**

**Hael, Dood, Sprinkane,**

**Swere, Duisternis, Eersgeborene,**

**Paddas, Muggies**

M	D	D	U	I	S	T	E	R	N	I	S
D	E	F	K	B	F	G	C	V	P	M	T
S	P	R	I	N	K	A	N	E	E	U	E
K	F	A	D	R	D	S	G	B	S	G	E
I	J	F	D	H	S	E	F	E	B	G	K
E	Q	G	S	D	O	O	D	D	D	I	V
T	F	K	K	H	A	G	T	J	F	E	L
E	E	I	L	B	F	S	G	N	J	S	I
T	R	E	R	T	S	L	D	Q	B	P	E
E	E	R	S	G	E	B	O	R	E	N	E
N	W	E	R	A	H	B	T	R	E	S	G
W	S	A	H	E	A	D	D	E	O	L	B

Bron: <http://sondagskoolidees.co.za/afrikaans/die-tien-plae/>

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.
- 5.
- 6.
- 7.
- 8.
- 9.
- 10.

Almal reggekry?

As julle gaan kyk in die Bybel in **Eksodus 6:27 - 11:10**, dan kan julle sommer die hele storie lees en boonop jul antwoorde kontroleer.

Voorspoed!

## Penniefluitjie

Kontakdetails:  
Lita Spreeth  
(Junior Kategesehoof)

Telefoonnommer: 082 453 8421  
E-pos: duimelita@gmail.com

***Jesus het ons almal lief!***



Liewe Ouers,

Baie dankie dat julle jul kinders hierdie jaar aan ons toevertrou het.

Ons het nog hulp nodig by die Junior Kategese en indien julle van enigiemand hoor wat geroepe voel om ons te kom help met klasgee, matte of enige planne om die klasse netjies te maak en in 'n tuiste vir ons kinders te omskep, laat hoor gerus van julle.

Mag julle 'n geseënde en veilige vakansie saam met julle kinders geniet!

Groete in Jesus,

Lita

## Spesiale Projekte

Ons het 'n paar spesiale projekte waaraan ons werk en hierdie lysie is net om julle te herinner watter projekte op die oomblik vir ons belangrik is:

- ⇒ Sending Sonder Grense se Geldbome vir Sergiy Denysenko
  - ⇒ Ons het nog nie almal se geldbome gekry nie, so kyk bietjie of jy joune kan vind as jy dit nog nie teruggebring het nie!
- ⇒ Bydraes vir mense wat nie Bybels het nie - Bybelsondag is elke jaar in Augustus
- ⇒ Huis Quanessa se kinders vir wie ons die volgende nodig het:
  - ⇒ Tandepasta
  - ⇒ Tandeborsels
  - ⇒ Waslappies
  - ⇒ Lyfseep
  - ⇒ Aqueous Room
- ⇒ Broodjieprojek
  - ⇒ Enige grondboontjebotter of konfynt of stroop of botter is welkom dwarsdeur die jaar!
- ⇒ Karnaval op 14 September
  - ⇒ Kom kyk gerus watter oulike goed ons by die kindertafel gaan hê!